**Skriflesing 2 Korintiërs 7 vers 2 tot 15**
**Tema Vrygemaak … om te bely**

Wat gebeur wanneer ek my sonde besef? Ek gee op of ek gee oor.

**Ek gee op**
Ek probeer om in eie krag 'n beter lewe te leef. Ek kry dit nie reg nie en gee moed op. Ek aanvaar dat ek 'n sondige mens is en ek leef voort op die breë maklike weg op pad na die verderf.

**Ek gee oor**
Ek besef dat ek 'n sondige mens is wat self niks aan my sonde kan doen nie. Daarom neem ek my toevlug tot die Here. Hy nooi Sy volk in Jesaja 1 vers18 uit: "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol."
In 1 Johannes 1vers 9 kry ons die volgende versekering: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

Om sonde te bely is nie maar 'n vinnige betekenislose: "Ek is jammer… vergewe my sonde" nie. Ek moet my sondigheid en broosheid voor God besef en so jammer wees daaroor dat ek huil oor my sonde. Droefheid volgens die wil van God laat my huil oor die prys wat my sonde vir God gekos het. Ek moet eerlik en berouvol voor God en my medemens staan en sonde by die naam bely. In Sy krag moet ek dit nie weer doen nie. Vanuit Sy sondevergifnis kan ek dan sorgeloos verder gaan leef.

Paulus noem van sy brief van trane wat hy aan die gemeente in Korinte geskryf het. Hierdie brief van Paulus het ongelukkig verlore gegaan. Na alle waarskynlikheid het die verhouding tussen die gemeente en Paulus skeef geloop, moontlik as gevolg van 'n groep vyandige teenstanders wat met hulle skinderpraatjies teenkanting teen Paulus bewerk het. Dit het daartoe gelei dat die gemeente Paulus se apostelskap en karakter in twyfel getrek het. Hulle het hul rug op Hom gedraai. Hierdie optrede was nie sommer 'n klein dingetjie nie. Die Here het Paulus as apostel aangestel. In Lukas 10 stuur die Here die 72 uit. In Lukas 10 vers 16 lees ons Sy woorde aan die gestuurdes: "Wie na julle luister, luister na My; wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het." As die gemeente hul rug op Paulus draai, draai hulle eintlik hul rug op die Here.

Paulus het waarskynlik in die tranebrief die gemeente skerp aangespreek hieroor en dit het hulle tot insig en berou gebring.

Hulle ervaar droefheid volgens die wil van God. Wat is die verskil tussen droefheid soos God dit wil, met ander woorde droefheid wat bekering bring wat tot redding lei en droefheid uit wêreldse oorwegings wat tot die dood lei?
Droefheid uit wêreldse oorwegings gaan oor myself. Ek is nie hartseer oor wat ek gedoen het nie; ek is hartseer omdat ek uitgevang is en oor die gevolge daarvan. Dit kan wees dat iemand vir my kwaad is of dat dit wat ek gedoen het my iets kos - dalk 'n boete wat betaal moet word. Hierdie droefheid lei nie tot berou oor sonde nie en staan teenoor hartseer wat ek ervaar omdat ek die Here seergemaak en teleurgestel het.

Droefheid volgens die wil van God lei tot inkeer. Dit bring bekering. Bekering is 'n $180^0$ omdraai weg van sonde terug na God toe. Dit lei tot redding. Ons vind 'n voorbeeld hiervan in die gelykenis van die verlore seun van wie ons lees in Lukas 15.
Om vergifnis te vra vir jou sonde is nie 'n vinnige oppervlakkige: "Ek is jammer" nie. Opregte berou lei tot 'n diepgaande Goddelike verandering van jou hele lewe. Dit verander jou manier van dink, sê en doen.

**Opregte berou verander jou verhouding met God**
Dit is logies dat dit sal gebeur. Sonde bring skeiding tussen my en God, maar wanneer ek my sonde opreg bely, neem Hy dit weg. Nou is my verhouding met God herstel en kan ek fokus op Hom.

Paulus skryf oor die volgende dinge wat met die gemeente gebeur het na opregte berou oor sonde: Julle is nou nog meer daarop ingestel om julle verhouding met God reg te stel. Daar is by julle baie groter eerbied vir God. Julle smag daarna om God beter te leer ken. In 'n lewe aan God oorgegee, is daar meer ywerig om God met jou hele lewe te dien en op Hom alleen te vertrou.
Waar die gemeente eers die dwaalleraars geglo het, verdedig hulle nou die Christelike geloof.

**Opregte berou lei tot 'n verhouding teen sonde**
Die gemeente bied weerstand teen sonde. Hulle sonde vul hul met nog groter afsku. Hulle wil niks daarmee te doen hê nie. Hulle is ook meer as tevore bereid om verkeerde gedrag vas te vat.

**Opregte berou verander jou verhouding met mense**
Maar bekering verander nie net jou verhouding met God nie, dit verander ook jou verhouding met mense. Dit lei tot die herstel van jou verhouding met mense. Die gemeente is jammer oor alles wat tussen hulle en Paulus skeefgeloop het. Hulle is bekommerd oor hom. Hulle gee vir hom om en hy vir hulle. Hy spog selfs met die gemeente. Die gemeente verlang na 'n persoonlike besoek van Paulus. Titus praat oor hoe hulle hom met oop arms ontvang het. Ook sy liefde vir die gemeente word elke dag groter.

Droefheid oor sonde volgens die wil van God, wat bekering bring wat tot redding lei gebeur nie net eenmalig nie. Dit is 'n voortgaande proses. Voordat die gemeente in Korinte hul rug op Paulus gedraai het, het hulle reeds deur sy prediking uit die heidendom tot geloof gekom in Jesus Christus. Maar hulle was nie immuun teen sonde en die gevolge van sonde nie. Sonde het weer 'n houvas op hul lewens gekry. Daarom moes hulle weer terugdraai na God toe.

Net soos daardie gemeente, het ons as kinders van die Here eenmaal tot bekering gekom. Maar ons kom ook daagliks tot bekering. Dit beteken dat ons, in die krag van die Here, weer en weer in trane omdraai, weg van sonde terug na God toe. Dalk is dit beter dat ons nie van onsself praat as bekeerdes nie, maar as bekerendes. God het ons lewe eenmaal radikaal verander, maar ons moet Hom toelaat om aan te hou om ons lewens te verander en vernuwe.

Ons is vrygemaak. Dit beteken nie dat ons kan speel en spot met sonde nie. Kom ons gaan nie lig daarmee om nie. Sonde is vir God 'n ernstige saak - so ernstig dat Hy sy Seun gestuur het om aan die kruis te sterf daarvoor.

Ons sonde moet ons laat huil oor die pyn wat dit Hom en ander mense aandoen. Ons moet dit bely en soos die verlore seun omdraai, eenmalig en daagliks, weg van sonde terug na God toe.
**Amen**